

GUSTAV PRELLER: SY HISTORIESE BEWUSSYN EN GESKIEDBESKOUIING

F.A. van Jaarsveld

Gustav Preller (1875–1943): His historical consciousness and concept of history

Preller's historical consciousness displays a structural coherence of the understanding of the present, the anticipation of the future and the interpretation of the past. In order to ensure a post Boer War Afrikaner identity, he presented an alternative people's (*volks*) history in contrast to the British vision of South Africa's past, which was characterized by presentism and engagement. It contains defensive and offensive functions of consciousness which created a Great Trek and Boer War mythology. He aimed to strengthen the Afrikaners' national and historical identity by creating an Afrikaner-centric image of the past. His historical writing which satisfied a life-requirement was characterized by nationalism, scepticism about objectivity, and attempted to establish historical continuity with the past.

Die historiese bewussyn van Gustav Preller (1875–1943) vertoon 'n strukturele samehang van hede-verstaan, toekomsvoorstelling en verlede-uitleg. Met dié doel om die behoud van Afrikaneridentiteit ná die Anglo-Boereoorlog te verseker, het hy 'n alternatiewe volks-geskiedenis in teëstelling met die Britse visie op die Suid-Afrikaanse verlede aangebied wat hede-betrokke en partydig was. Dit bevat defensiewe en offensiewe bewussynsfunksies en het 'n Groot Trek en Anglo-Boereoorlog-mitologie geskep. Sy doel was om die nasionale bewussyn en historiese identiteit van die Afrikaners deur die skepping van 'n Afrikaner-gesentreerde geskiedbeeld te versterk. Sy geskiedskrywing wat aan 'n lewensbehoefte voldoen het, was presentisties en nasionalisties, skepties teenoor objektiwiteit en bedoel om historiese kontinuiteit met die verlede te herstel.

1. Inleiding: Sy historiese nalatenskap

Toe dr. J.L. Marais van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing my in 1988 genader het om 'n voordrag te lewer oor G.S. Preller (1875–1943) as geskiedskrywer, min of meer vergelykbaar met my opstel oor G.D. Scholtz (1905–1983)¹, het ek voorgestel dat die tema beperk word tot Preller se historiese bewussyn en geskiedenisopvatting. Die rede lê voor die hand. Oor geen Afrikanerhistorikus is so veel geskryf as oor Preller nie – nie net na sy dood nie, maar nog tydens sy lewe.

Waar die naam van Scholtz genoem is, sal u my vergun om op te merk dat 'n vergelykende studie van Preller en Scholtz met groot vrug aangepak kan word. Wat ek van Scholtz in 1975 geskryf het, "Historikus van en vir die Afrikaner", is net so goed op Preller van toepassing. Albei was joernaliste wat hulle geskiedskrywing nie aan die akademie beoefen het nie, maar buite in die lewe. Huizinga het gesê gelukkig is die volk wie se geskiedskrywers uit die lewe en nie uit die skool kom nie. Sowel Preller as Scholtz was strydery vir die Afrikanersaak, vurige nasionaliste en patriotte, produktiewe geskiedskrywers, vlytige lesers, navorsers, versamelaars van boeke en dokumente, volksopvoeders en in sekere mate kultuurpessimiste, wat aan Burckhardt en Huizinga herinner.

In teëstelling met Preller wat 'n outodidak was, het Scholtz in Amsterdam gepromoveer. Preller het op grond van sy reuse bydrae tot Afrikanergeskiedenis in 1930 'n eredoktorsgraad

F.A. van Jaarsveld, "G.D. Scholtz – historikus van en vir die Afrikaner", *Lewende Verlede* (Kaapstad, 1979), pp. 90–121.

van die Universiteit van Stellenbosch ontvang. By albei het leefwêreldlike ervaring 'n rol in hul siening van die geskiedenis gespeel en hul geskiedskrywing is dus deur hede-betrokkenheid gekenmerk. Terwyl Preller onder die indruk van die Anglo-Boereoorlog – in sy eie woorde die “Goudoorlog” – geskryf het, was dit die Rebelle en die twee Wêreldoorloë wat Scholtz beïnvloed het.

Om tot Preller terug te keer: so belangrik is hy as kultuurfiguur en geskiedskrywer geag dat prof. J.S. du Plessis in 1945 'n Magisterverhandeling oor sy werk as historikus van die Groot Trek aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO ingelewer het². In 1968 is agt kolomme in die eerste *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek* aan hom afgestaan, wat sy belangrikheid onderstreep³. In die volgende jaar is 'n bibliografie van 34 bladsye oor sy geskrifte in Stellenbosch uitgebring⁴ en in 1989 het dr. P.J. du Plessis van die Vrystaatse Argiefbewaarpark 'n doktorsale proefskrif van 493 bladsye oor *Die Lewe en Werk van Gustav Preller* by die Universiteit van Pretoria ingehandig⁵. Die uitgewery Scripta Africana het in 1988 onderneem om van Preller se historiese werk, onder meer sy *Voortrekermense*, wat uit ses dele bestaan, te herpubliseer. Ook word Preller as tema nog steeds deur studente in nagraadse klasse behandel⁶. Hierbenewens het talle artikels oor Preller verskyn waarin aandag aan sy geskiedkundige werk gewy is onder meer in *Die Huisgenoot*⁷, *Die Brandwag*⁸ en *Lantern*⁹, terwyl akademici soos H.B. Thom¹⁰, D.W. Krüger¹¹, J.S. du Plessis¹², J.J. Oberholster¹³, B.J. Liebenberg¹⁴, dr. Isabel Hofmeyr¹⁵, ekself¹⁶, en M.C.E. van Schoor¹⁷ oor hom geskryf het. Hierdie lys kan aangevul word.

Om na Preller se werk te verwys: dit kan in drie afdelings ingedeel word, naamlik – eerstens boeke en bronnepublikasies oor die Groot Trektyd, tweedens die Anglo-Boereoorlog en derdens diverse Republikeinse en ander temas wat ter wille van latere verwysing in 'n voetnoot

-
2. J.S. du Plessis, “Gustav Preller as Historikus van die Groot Trek” (ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa, 1945).
 3. W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* 1 (Kaapstad, 1968), pp. 673-677.
 4. W.M. Toerien, “Gustav Schoeman Preller (1875-1943), 'n Bibliografie” (Departement Biblioteekkunde, Universiteit van Stellenbosch, 1969), *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15/4, Des. 1975, pp. 282-293.
 5. P.J. du Plessis, “Die Lewe en Werk van Gustav Preller” (Ongepubliseerde proefskrif, U.P., 1989).
 6. Onder andere mev. M. Lombaard wat 'n Honnores-werkstuk by die Universiteit van Pretoria ingelewer het, gepubliseer in *Tydskrif vir Letterkunde* (nuwe reeks XIII/4, November 1975), pp. 10-23: “Gustav Preller as Historikus”.
 7. Van Heerden, “Gustav S. Preller”, *Die Huisgenoot*, 29 Mei 1931, p. 21; *Die Huisgenoot*, 22 Oktober 1943, pp. 3-7 en 23; *Die Huisgenoot*, 6 Maart 1936, p. 11.
 8. *Die Brandwag*, 26 Mei 1939, p. 10 e.v.
 9. R. Stead, “Gustav Preller, 'n huldeblyk”, *Lantern*, Desember 1941, pp. 9-21.
 10. H.B. Thom, “Dr. Gustav S. Preller: 1878-1943”, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 5/2, 1944.
 11. D.W. Krüger, “G.S. Preller as Geskiedskrywer”, *Koers* 11/6, Junie 1944, pp. 195-198.
 12. J.S. du Plessis, “Gustav Preller – Sy geskiedbeskouing”, *Historia*, 1/2, Okt. 1956, pp. 156-166.
 13. J.J. Oberholster, “Die neerslag van die Romantiek op ons Geskiedskrywing: Gustav S. Preller”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Des. 1966, pp. 313-321.
 14. B.J. Liebenberg, “Gustav Preller as Historikus”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15/4, Des. 1975, pp. 243-250.
 15. I. Hofmeyr, “Popularising History: the Case of Gustav Preller”, AFS Forum, Unisa 1988 (ongepubliseerde MS).
 16. F.A. van Jaarsveld, “Biografieë van die Groot Trek”, *Lewende Verlede* (Johannesburg, 1962), pp. 79-100.
 17. M.C.E. van Schoor, “Die Biografie in die Afrikaanse Geskiedskrywing”, *Historia*, 4/1, Maart 1959, pp. 3-18.

opgeneem word¹⁸. Sy twintig boeke het in 1904 'n aanvang geneem en is in 1942 – 'n jaar voor sy dood – beëindig, wat sy groot lewensideaal om 'n geskiedenis van die “Gouddoorlog” van 1899–1902 te boek te stel, kortgeknip het. Sy werk oor sy twee hoofemas, die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog, het fragmentaries gebly – te veel te doen gehad vir 'n kort lewe van 68 jaar. Soos G.D. Scholtz het sy bedrywigheid afgespeel bedags in sy kantoor as koerantman en snags in sy studeerkamer as historikus. Hy was 'n man met enorme energie en werkkrag en besiel met liefde vir sy volke en dié se verlede, 'n kind van sy tyd. Eers in 1936 met sy uittrede uit die joernalistiek, kon hy tot met sy dood in 1943 op sy plaas by Pelindaba as “geskiedkundige navorser” van die staat, hom vóltjyds met bronne-insameling en geskiedskrywing besig hou. Sy groot biblioteek het hy aan die Universiteit van Stellenbosch bemaak en sy versamelde bronne aan die Staatsargiefbewaarpark in Pretoria afgestaan. Dit beslaan 300 bande met 17 meter rakruimte en staan as die “Preller-versameling” bekend. Dit spreek vanself dat daar by so 'n skrywer van 'n sterk ontwikkelde historiese bewussyn sprake is, waarna nou verwys word.

2. Die struktuur van Preller se historiese bewussyn

Gebore in 1875, groei Preller in die platteland op met sy ou-wêreldse mentaliteit van die vóór-industriële tydperk en hy ondergaan 'n 19de eeuse beskouingswyse, wat onder meer sentreer om 'n negatiewe siening van die inboorlinge, die “stryd tussen Boer en Brit”, met sy “eue van onreg”, en die botsing tussen “Britse imperialisme en Afrikanernasionalisme”. As leser en denker weet hy van die Afrikaner se geskiedbeeld met sy twee pole, naamlik die Groot Trek en die Eerste Vryheidsoorlog, en dié se religieuse grondslag wat godsdienis en geskiedenis ten nouste in Ou Testamentiese sin verbind het¹⁹. Hierdie geskiedbeeld is verdiep deur sy oorlogservaring van 1899–1902 waarin hy as artilleris aan vier gevegte deelneem en as klein-oorlogvegter die verwoesting van die land en die konsentrasiekampe aanskou. Daarna kon hy as krygsgevangene in Indië vanaf 'n afstand nadink oor die lot van sy land, volksgenote en hul

18. (a) BOEKE OOR DIE GROOT TREKTYDPERK:

Piet Retief (Pretoria, 1906).

Baanbrekers, 'n Hoofstuk uit die Voorgesiedenis van Transvaal (Pretoria, 1915).

Dagboek van Louis Trichardt (Bloemfontein, 1917).

Voortrekkermense, dele 1–6 (Kaapstad 1918 en 1939).

Voortrekkerwetgewing, 1839–1845 (Pretoria, 1924).

Hoe ons aan Dingaansdag kom (Bloemfontein, 1928).

Andries Pretorius (Johannesburg, 1937, 1940²).

(b) BOEKE OOR DIE ANGLO-BOEREORLOG:

Onze Krijgsofficieren (saam met F.V. Engelenburg, Pretoria, 1904).

Paul Kruger's Afkomst en Familie (saam met F.V. Engelenburg, Pretoria, 1904).

Kaptein Hindon (Pretoria, 1916).

Scheepers se Dagboek en die Stryd in Kaapland (Kaapstad, 1938).

Die Oorrompeling (Johannesburg, 1939).

Talana, die Drie-Generaalslag (Kaapstad, 1942).

(c) BOEKE OOR DIVERSE TEMAS:

Twee geskiedkundige Opstelle (saam met C.J. Langenhoven, Kaapstad, 1919).

Suid-Afrika s'n Boere Republieke (Kaapstad, 1919).

Generaal Botha (Pretoria, 1920).

Historiese Opstelle (Pretoria, 1925).

Die Grobler-moord (Pretoria, 1930).

Ons Goud Roman — die Marais-dagboek (Pretoria, 1935).

Daglemier in Suid-Afrika (Pretoria, 1937).

Ou Pretoria (Pretoria, 1938).

Voortrekkers van Suidwes (Kaapstad, 1941).

19. Kyk F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner se Geskiedbeeld*, Mededelings van Unisa, B 6 (Pretoria, 1958).

geskiedenis. Die vredesluiting van 1902 het hy traumaties ervaar – die pynlike verlies van die onafhanklikheid waarvoor geveg is en die inlywing van die Boererepublieke by die Britse Ryk.

Preller se leefwêreldlike ervaring sou sy visie op die toekoms en verlede bepaal. Sy werk as joernalis ná die oorlog, eers by *Land en Volk* en daarna by *De Volkstem*, maak van hom 'n partygeoriënteerde joernalis. Aanvanklik steun hy Botha en Smuts se versoenings- en nasionale eenheidsbeleid tussen Boer en Brit, maar in 1925, ná die Nasionale Party-oorwinning van 1924, verlaat hy die Suid-Afrikaanse Party, word aanhanger van Hertzog se Nasionale Party en dien as redakteur van die nasionalistiese *Vaderland* tot met sy aftrede in 1936. Soos 'n Meinecke maak hy dramatiese gebeurtenisse oor 'n lang tydperk mee soos politieke skeurings, herenigings, verenigings en verdeeldheid, wat sy visie op die verlede beïnvloed.

In die tydstruktuur van Preller se historiese bewussyn kom 'n samehang tevoorskyn tussen sy toekomsvoorstelling van die verslane Afrikanervolk, die verstaan van die hede en sy verlede-vertolking. Sy geskiedenisbewussyn het identities geword met die Afrikaners se nasionale bewussyn, trouens dit het as voedingsbodem daarvoor gedien. Hy het ingesien dat sonder 'n historiese bewussyn daar geen nasionale bewussyn kan bestaan nie en sonder 'n nasionale bewussyn geen historiese bewussyn nie. Hy het derhalwe die Afrikanervolk afgegrens uit die breë Suid-Afrikaanse geskiedenis en sy unieke posisie beklemtoon. In 1902 het die Boere hul nasionale state verloor. Al wat oorgebly het, was die geskiedenis wat as grondslag vir 'n ander vorm van die Republieke moes dien, naamlik die voortsetting daarvan in 'n 20ste eeuse politieke party. Preller se visie op die verlede was dus eksistensialisties. Sy voorstelling daarvan sou sy hede-bewussyn stempel. Sy toekomsprospektief ná die nederlaag het op sy verlede-uitleg ingewerk, naamlik die voortbestaan binne die Ryk van die verowerde republikeinse Afrikaners as aparte volk met eie identiteit en nasionaliteit.

Preller het hom dus tot die verlede gewend om sy hede te verstaan en 'n weg na die toekoms aan te dui. Daardeur het sy hede-bewussyn historiese diepte gekry. Sy historiese bewussyn was 'n oriëntering in die tyd en 'n selfverstaan in verhouding tot ander groepe. Vir hom was geskiedenisbewussyn 'n kollektiewe herinnering aan die lyding van die verlede, wat tot sentrale element vir 'n gemeenskaplike volksidentiteit geword het. Daar was 'n samehang tussen Preller se idee van die verowerde Afrikaners se herkoms-geskiedenis en sy toekomsprospektief. Sy historiese bewussyn was 'n reaksie teen die nederlaag en 'n wapen in die voortgesette stryd teen die Engelse.

Die situasie ná 1902 het Preller tot nadenke gestem. Moes daar deur Milner se anglisasiebeleid en verbod op 'n nasionale geskiedenis assimilasië plaasvind, met ander woorde die verdwyning van die Afrikanervolk deur absorpsie in die Britse liggaam? Moes daar deur versoening samewerking kom en 'n Boer-Britse nasionaliteit opgebou word, of moes die verowerde en vernederde Afrikanervolk, apart met eie taal en kultuur, náás die Engelse bly voortbestaan? Preller wou die diskontinuiteit wat deur die oorlog in Afrikanergeskiedenis ontstaan het, herstel en 'n boodskap van kontinuiteit bring: al is die volk verower en ingelyf by die Ryk bly die geskiedenis deurlopend as band bestaan wat kan voortwerk en sin en betekenis aan hul lewe gee. Vandaar sy verlede-gebonde nasionalisme en strewe na politieke en sosiale stabilisering deur middel van die geskiedenis wat 'n "eie" Afrikaner-verlede binne die geheel van die samelewing veronderstel, waarop die volk "trots" kon wees. Sy geskiedskrywing was 'n magtige uitingsvorm van die historiese bewussyn, 'n bindkrag in onseker-geworde tye en 'n bron van inspirasie vir teneergedruktes. Dit moes help met die nuwe begin wat ná die nederlaag gemaak moes word.

Ná 1902 was sy volk 'n volk sonder eie staat. Geen wonder dat daar by hom nostalgie was na die verlore Republieke, die Boereparadys van weleer – later veral in 'n nuwe, verstedelike wêreld. Sy verledevoorstelling het die krag van 'n soort heilsgeskiedenis verkry. Die jaar 1902

was vir baie Afrikaners soos 'n nulpunt, 'n weer-van-vooraf-begin. Preller het hom geroepe gevoel om die gekwete nasionale bewussyn van die klein en onvoltooide volk te herstel en van 'n historiese identiteit te voorsien, wat sy 20ste eeuse nasionalisme tot 'n historiese nasionalisme laat word het. Dit was negatief in dié sin dat dit slegs lewenskrag kon vertoon solank daar teen “die Engelse” verder geveg word, hetsy teen imperialisme, hetsy teen 'n party. Preller wou die eiewaarde en bestaansreg van die verslane Afrikaners bewys en derhalwe was sy geskiedskrywing 'n tipe regverdigingsliteratuur. Vir hom was die basis van 'n suksesvolle voortbestaan van die Afrikaners as aparte entiteit, hul taal, godsdiens en geskiedenis, wat as oogdruppels moes dien om die volk “reg” te leer kyk. Hy het historiese rekenskap gegee oor die 1902-nederlaag, en wou die oorwonne volk se selfrespek deur middel van die geskiedenis herwin.

Deur sy historiese bewussyn het Preller as argitek van die toekoms opgetree en 'n filosofiese fundering aan Afrikanernasionalisme verskaf. Vanuit Afrikanerbelange het hy die verlede uitgelê. Sy geskiedenisvoorstelling was nie in die eerste plek gerig om suiwer historiese kennis nie, maar het in die diens van die lewe gestaan. Vir hom was die verlede 'n afrekening, 'n bevrydende daad, 'n leermeester, 'n veroordelende en rigtende handeling en 'n oopbreek van die pad na die toekoms.

Vir Preller was daar iets “bedroewends” in die dinge wat verbygaan²⁰. Oor die geheue van sy mense ná 1902 het daar vir hom gehang “de schaduw van 't verledene”; oor die “tijd” heen wou hy 'n hand reik na sy verslane volk²¹, en uit sy tyd met die stem van die verlede tot hulle spreek. In 1917 skryf Preller dat hy glo in die “onveranderlike bestemming” vir die geskiedenis van sy volk, wat vir hom “hoog en rein en éwig” opgesluit lê in die “historiese godsreg” en die toekoms; ook “glo” hy in die “ideaal” van hul voorouers, die Voortrekkers. Keer op keer hoor ons by Preller: “Ons . . . is wat die geskiedenis van ons gemaak het”²² en daarom streef hy na die handhawing van die “inzettingen van onze Vadersen”²³. Hy het sy mense aangeraai om die verlede te onthou en het self sterk in die ou tradisie gelewe, soos hy self gesê het, miskien tē sterk. Sy historiese bewussyn blyk uit 'n uitspraak soos die volgende: “Die ervaring roep ons toe uit iedere bladsy van ons geskiedenis; iedere koppie, vlakte en rivier spreek daarvan. Iedere monument, iedere gedenkteken praat daarvan. Ons taal is vol daarvan en spreek tot ons in segswyse en spreekwoorde, wat iedereen die som is van soveel menslike lewenservaring”²⁴. Preller se historiese bewussyn het nie net in sy geskiedskrywing tevoorskyn gekom nie, maar ook in sy tydskrifartikels, koerantwerk, die film (*De Voortrekkers*, 1916), kortverhale, toesprake op volksfeeste, pleidooie om monumente op te rig, dokumente-insamelings en ander dinge.

3. 'n Alternatiewe, opposisionele volksgeskiedenis – hede-betrokkenheid en historiese partydigheid

Toe Preller in 1902 joernalis word, was hy vertrouwd met die vooroorlogse republikeinse geskiedbeeld. Na die oorlog was daar talle anti-Boereboeke van Engelse kant in omloop wat die Britte geregverdig het in hul optrede teen die Boere en 'n negatiewe beeld van hul karakter en historiese optredes in omloop gebring het. Die 19de eeuse anti-Boere-geskiedenis en

20. Preller, *Oorlogsoormag en ander Sketse en Verhale* (Kaapstad, 1931), p. 164.

21. P.J. du Plessis, p. 103.

22. Preller, *Historiese Opstelle* (Pretoria, 1925), p. 10; *De Volkstem*, 2-2-1917.

23. P.J. du Plessis, pp. 276 en 291.

24. Preller, *Die Grobler-moord* (Pretoria, 1930), p. 2 en “Die Lewe het my geleer”, *Die Huisgenoot*, 18.9.1942.

literatuur van Engelse kant ook ná Uniewording, waarin die Afrikaners aan die kortste ent getrek het, het Preller na die pen laat gryp om te ontken, te ontmasker en die Engelse subjektiwiteit aan die kaak te stel. 'n Boek wat hom sterk beïnvloed het, was die twee dele van J.C. Voigt se *Fifty Years of the History of the Republic in South Africa*, wat in 1899 verskyn het²⁵. Dit het vorm gegee aan Preller se historiese denke oor en visie op die Boereverlede. Voigt het as ekstremistiese Afrikanernasionalis 'n sterk anti-kolonialistiese en anti-imperialistiese proteshouding in sy historiese voorstelling ingeneem en die Boere verdedig. Sy beskrywing van die Congella-slag is letterlik deur Preller geplagiariseer²⁶.

Ook Preller het die oorwonne Afrikaners verdedig en hulle bestaan gewettig en geregverdig. Hy wou hulle bewustelik oriënteer op 'n alternatiewe visie op die verlede as dié van Engelse kant en het dus 'n opposisionele geskiedenis aangebied volgens 'n nasionale geskiedenisopvatting wat die vrug was van 'n "nasionale lewensbeskouing"²⁷. Ook wou hy "eerbied en ontsag" kweek vir die manne wat vroeër bygedra het tot die "nasionale bewussyn"²⁸. Vandaar Preller se defensiewe historiese besef. Dit het sy skeppende inmenging met die verlede bepaal asook die vorm wat hy aan sy historiese voorstelling gegee het. Sy geskiedskrywing getuig van 'n dubbele funksie: dit openbaar iets van die waarheid van die verlede maar tegelykertyd ook van Preller as mens, sy tyd en omstandighede. Die "waarheid" van sy geskiedkundige voorstelling was 'n funksie van sy nasionalistiese ideologie, hede-betrokkenheid en partydigheid vir die objek van sy studie. Sy weergawe van die verlede was dus nie 'n werklikheidsgetroue reproduksie nie, maar die verlede gedeel deur die hede. Geskiedenis was vir hom 'n hulpmiddel by die ontleding van sy eie tyd en die gewer van hoop vir die toekoms. Derhalwe het sy verlede-voorstelling 'n ideologiese en politieke karakter verkry wat in hoë mate propagandisties was en daardeur tot vormings- en opvoedingskrag in die aktuele politiek geword het. Sy beeld van die verlede het in diens van die lewe gestaan. Dit was eksklusief, etnosentriek en eendimensioneel, konserwatief-nasionalisties en opmerklik partydig. Preller het 'n verlede geskep en aan die verslane Afrikaners gegee waaruit hy graag sou wou sien dat hulle voortkom. Hy het hulle vertel wat hulle graag van hulleself wou hoor en hom dus op 'n ander wyse op die verlede as die Engelse historici beroep.

3.1 Defensiewe en offensiewe bewussynsfunksies

In die magtelose posisie van die verslane Afrikaners het Preller ter wettiging en regverdiging van hul bestaan as minderheidsgroep in die Ryk op die geskiedenis teruggeval wat vir hom 'n soort wapenfabriek was – soos ook vir dr. W.J. Leyds²⁹ – waaruit politieke en kulturele ammunisie gehaal kon word om politieke vyande mee te beveg. Preller se geskiedskrywing was soos 'n volksregbank, waarin hy die Britse verlede-voorstellings oor die Afrikaners gedaag, pynlik bevraagteken, veroordeel, skuldig bevind en gevonnissen het. Tegelykertyd is die Boere vrygepleit van historiese beskuldigings en in die gelyk gestel, wat beklemtoon dat geskiedenis vir Preller 'n legitimeringsarsenaal was. Dit sal te veel ruimte neem om al Preller se ontkennings en weerleggings van en verontwaardiging oor die Engelse historiese voorstelling

25. London 1899, twee bande.

26. Vgl. J.C. Voigt, *Fifty Years of the History of the Republic in South Africa*, dl. II (London, 1899), pp. 220-225 en Preller se *Daglemier in Suid-Afrika* (Pretoria, 1937), pp. 256-266 en *Andries Pretorius* (Johannesburg, 1940²), pp. 231-233.

27. Preller, *Historiese Opstelle* (Pretoria, 1925), p. 43.

28. Preller, *Piet Retief* (Pretoria, 1911), p. 274.

29. F.A. van Jaarsveld, "Tyd en Geskiedenisbeeld", *Lewende Verlede* (Johannesburg, 1962), pp. 101-112, 'n metodologies-kritiese ondersoek na die werk van dr. W.J. Leyds.

punt vir punt na te gaan. Daar kan slegs na 'n paar voorbeelde verwys word.

Preller het die Engelse voorstelling van die Voortrekkers as “'n klomp bandelose korrelkoppe”, wat onder geen gesag wou buig nie en na die “lekker lewe” gehunker het, soos dit deur Eric Walker in sy *The Great Trek*³⁰ voorgestel is, weerlê³¹: Die Groot Trek was nie 'n vlug van die beskawing deur Boerenomades wat uit hoofde van grondhonger en ekonomiese oorsake die Kolonie verlaat het nie – die drang na “vryheid, ruimte en beweging” was die ware oorsake³². Die anneksasie van Natal was vir Preller 'n grief want die Voortrekkers was in die “onbetwiste” besit daarvan, wat “onweerlegbaar” aan Napier bewys is³³. 'n Engelse joernalis se voorstelling op grond van 'n dubieuse dokument in verband met die motiewe van Dingane se moord op Retief het hy as vals bewys³⁴ soos ook sir George Cory se bewering dat die Piet Retief-Dinganetraktaat van 1838 'n vervalsing was³⁵, waarmee hy die integriteit en eerbaarheid van die Voortrekkers herstel het. In sy *Piet Retief* het Preller geprobeer bewys dat die moord op Retief die gevolg was van die twee Engelse Owen en Gardiner se beïnvloeding van Dingane – 'n bewering wat van Engelse kant ontken is³⁶. Preller het ook Livingstone se negatiewe voorstelling van die Boere weerlê en voorts beweer dat nie Livingstone nie, maar Boerejagters en Carolus Trichardt lank vóór hom die “Victoria”-waterval ontdek het.³⁷ Vir die skrywer Rider Haggard se anti-Boerevoorstelling het hy geen tyd gehad nie. Hy regverdig ook die Transvalers se beleg van die Makapansgrot en weerlê die eensydige pro-swart Engelse voorstelling daarvan³⁸. Hy verdedig voortdurend die Boere teen Engelse geskrifte wat die Afrikaners in 'n “swak lig” stel³⁹. Sy *Kaptein Hindon* spreek van bitterheid en verontwaardiging teen die Engelse wat 'n oorlog op die Boere afgedwing het. Hy was voortdurend in die weer teen “kwaadwillige Engelse mites” en die “geykte Engelse voorstellings” van die Afrikanerverlede. Kortom – Preller is 'n apologet vir die Afrikanersaak; hy suiwer hulle van blaam en verdedig hulle teen wat hy as skewe en onbillike voorstellings beskou het. Geen wonder dat hy omstrede geword het nie: van Engelstalige kant is hy van 'n anti-Britse vooroordeel beskuldig en gedurende die Eerste Wêreldoorlog van pro-Duitsheid.

3.2 Presentisme: 'n Verideologiseerde en verpolitiseerde historiese mitologie

'n Mens sou Preller 'n katederhistorikus kan noem. Sy verkondiging van die geskiedenis is vergelykbaar met die “ere-diens”-liturgie – 'n sekularisering van die preek. Vir hom het geskiedenis die krag van 'n godsdienst gehad. Dit was 'n kultus waarin van simbole en mites gebruik gemaak is om te bind en daardeur die belange van die hede te dien. Hy het na oriëntering in 'n onsekergeworde wêreld gesoek en geglo dat as die verlede die toekoms nie meer kan belig nie, die gees in die donker rondwaal. Volgens Preller mag geskiedenis nie van die lewe afgesonderd word nie: dit staan vir hom in diens van sake van die dag. In byvoorbeeld die Groot Trek wortel vir hom die vraagstukke en lewenskweptes “wat iedere dag van ons lewe vlak voor ons staan” – die oorsprong van die hedendaagse verskynsels was vir hom “opgeslote” in

30. E.A. Walker, *The Great Trek* (London, 1938), p. 76.

31. *Die Huisgenoot*, 22.10.1943.

32. Preller, *Andries Pretorius* (Johannesburg, 1940), pp. 3-5 en 12.

33. Preller, *Daglemier in Suid-Afrika* (Pretoria, 1937), pp. 205 en 236.

34. Preller, *Historiese Opstelle* (Pretoria, 1925), pp. 58-69.

35. *Kyk Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Serie 13, nr. 1, Mei 1924.

36. Vgl. die Engelse verset hierteen in H. Wilson, *The two Scapegoats, a few Remarks on Piet Retief* (by G. Preller) in *Defence of Captain Allan Gardner and the Rev. F. Owen* (Pietermaritzburg, 1914), 81 pp.

37. Preller, *Historiese Opstelle*, pp. 33 en 53.

38. Preller, *Baanbrekers. 'n Hoofstuk uit die Voorgeskiedenis van Transvaal* (Pretoria, 1915), pp. 15-31.

39. *Kyk P.J. du Plessis, a.w.*, p. 222 e.v.

die gebeurtenisse van 'n 50 tot 100 jaar tevore⁴⁰. Die Afrikaner het 'n "eie" geskiedenis, nie soos die Engelse dit sien nie: dit is uitsonderlik, uniek, 'n wordings- en opkomsgeskiedenis van 'n "eie" nasie, waarin lesse vir die hede opgesluit lê. Omdat Preller se historiese voorstelling in diens van die hede staan, was dit 'n tipe bruikbare geskiedenis.

Soos by sy tydgenoot W.M. Macmillan, wat die swartes in plaas van die Afrikaners sentraal in sy beeld van die verlede geplaas het⁴¹, is die verlede ondergeskik gemaak aan die hede en aspekte gekies wat relevant aan sy behoeftes en probleme is. Terwyl Macmillan segregasie deur middel van die geskiedenis bestry het, het Preller juis gebiedskeiding deur die verlede geregverdig en leiding daarvoor gegee. Die liberale Engelse pot kan die konserwatiewe Boer-ketel nie verwyf nie. Albei historici was presentisties in hulle benadering van die verlede en het 'n boodskap daaruit na die hede oorgebring. By sowel Preller as Macmillan lê die klem eerder op die subjek as op die objek van studie. Albei was meer gemoeid met hul eie tyd as met die stukkie verlede wat deur hulle bestudeer is. Vir albei het die hede die maatstaf geword vir die fatsoenering van die verlede, want vir albei was die uitkoms van die verlede anders as wat hulle gewens het.

Daar kan na twee aspekte van Preller se oriënteringsfunksie verwys word. Eerstens die armblanke-vraagstuk: omdat die probleem aktueel was terwyl hy sy *Andries Pretorius* geskryf het, het hy 'n hoofstuk daaraan gewy, naamlik "Trekoorloë as oorsaak van armoede"⁴², wat 'n verklaring gebied het vir die swak ekonomiese posisie van die Afrikaners van die dertigerjare. Hy teken 'n aangrypende beeld van Jan Valentyn Botha, een van Hendrik Potgieter se veldkornette, en vertel van die verliese wat hy deur oorloë teen sowel die swartman as die Engelsman gely het en wat hom in armoede laat verval het. Verbygangers in Pretoria se Kerkstraat, aldus Preller, kon die ou man sien sit by 'n bevriende se winkel deur, "'n inmekaar gedronge figuur, krom getrek van die jig, en geboë onder die las van jare, wat 'n verminkte hand uitgehou het, waarin 'n klompie tinne ringetjies blink. Dié hand is stukkend geskiet in die oorlog teen Makapan, maar die ou ringetjies het hy met dieselfde hand geslaan en vir 'n sikspens verkoop, om nie te bedel nie. Kind van die Voortrek – hy was agt toe die Matebeles hulle beeste aan Vaalrivier weggedryf het – is Botha die slagoffer gewees, die prys wat die Voortrekkers betaal het vir die bevoenbaarmaking van Transvaal"⁴³ – 'n beeld wat van my studentejare af tot vandag toe in my geheue bly steek het.

Tweedens was daar Preller se oriëntering van die Afrikaners op Hertzog se segregasie-beleid gerig. Hy was behep met *ras* wat deur die Nasionaal-Sosialisme van sy tyd versterk is en oortuig dat die Afrikaner se beginsels van rassesuiverheid, Calvinisme en geskiedenis-bewussyn die drie belangrikste grondslae vir sy nasionaliteitsvorming was⁴⁴. In segregasie of gebiedskeiding het Preller die "enigste oplossing" vir die veelvokige samelewing gesien. As dít misluk, sou die "blanke ras" in die welsand van "nie-blanke bloed" verdwyn. Hy het hom teen die liberalisme van sy tyd verset – as toekomstige "papsakkige" Afrikaners in "slegtigheid" besluit om deur integrasie in die welsand van "naturellebloed" onder te gaan, dan verdien hulle dit⁴⁵, wat van 'n doodwensmentaliteit getuig. Preller projekteer sy segregasiegedagte in Andries Pretorius se rassebeleid en verklaar: "As segregasie misluk het, dan is ook die Voor-

40. Preller, *Piet Retief* (Pretoria, 1911), p. 275.

41. W.M. Macmillan, *The Cape Colour Question* (London, 1927, herdruk Kaapstad, 1968) en *Bantu, Boer and Briton* (London, 1929, herdruk Oxford, 1963). Macmillan het 'n oplossing van die rassevraagstuk op grond van dr. John Philip se dokumente aan Suid-Afrika voorgelê.

42. *Andries Pretorius* (Johannesburg, 1940²), pp. 310-316.

43. *Ibid.*, p. 316.

44. P.J. du Plessis, a.w., p. 393.

45. *Ibid.*, pp. 387 en 393.

trek, waarvoor ons hier in die Voortrekkerhoofstad 'n reuse-gedenkteken bou, 'n mislukking . . . dan stort ook ons ganse Witmansland in duie. As dit waar is, dan skryf ons 'Ikabod' oor 'n blanke toekoms . . . As dit so is, dan streef ons bewus 'n bastertoekoms tegemoet, waarin ons ras en ons nasie die ondergang tegemoet gaan". Vir hom was die ideaal van afskeiding "uit die volk" gebore wat op eeuelange lewenservaring berus het. Geen wonder dat prof. H.B. Thom Preller na sy dood as "kampvegter vir 'n blanke Suid-Afrika" geprys het nie. Thom self het die woord "apartheid" onder die Voortrekkers ingedra en by hulle raad gevind vir die oplossing van die vraagstukke van sy tyd⁴⁶. Vir Preller was die afskeidingsbeleid van die Afrikaners 'n "lewensleer", diep gewortel in die lewe van die Afrikanervolk. Gelykstelling sou lei tot bloedvermenging en bloedvermenging noodwendig tot ondergang. Iedere beweging teen rasse-skeiding kon volgens Preller herlei word tot die kommunisme⁴⁷.

Preller het geglo in die "Volkstum" van die Afrikaners, aan "rassuiwerheid", 'n wit rasse-meerderwaardigheid van die "Kaukasiese" teenoor die minderwaardige "negroïede ras", aan hul "Ariese bloed", 'n Afrikanertipe wat deur "geen enkele druppel naturellebloed" besoedel is nie⁴⁸ en 'n "onoorbrugbare maatskaplike kloof" tussen swart en wit⁴⁹. Geen wonder dat hy onder die invloed van die Nasionaal-Sosialisme aan 'n Afrikaner-"rassesiel" geglo en hulle aan die Germaanse stamme van die Groot Volksverhuising gekoppel het nie⁵⁰. Teenoor die Voortrekker-Afrikaners se "rasebewustheid" en "die adel van hulle hoëre blanke bloed" het hy die "barbaarse naturellestamme" – "n laer natuurras"⁵¹ gestel. Na aanleiding van die Makapaanmoord op 28 Voortrekkers en die strafkommando wat waarskynlik 'n paar duisend swart lewens in 1854 geëis het, skryf Preller dat ter wille van die selfbehoud van baanbrekers enige wyse van oorlogsvoering teen 'n wilde horde geregverdig is, selfs 'n vergiftiging van die "misdadige en gevaarlike laere natuervolk", wat die proses van bewoonbaarmaking van 'n nuwe land in gevaar kon stel. As die Boere eerder die Engelse uitroeingsbeleid soos in Amerika en elders gevolg het, sou minder "nasionale energie" op swart weerstand verspil gewees het, want die Engelse het groter skandale met inboorlinge begaan as waarvan hulle die Boere beskuldig het⁵². Hy verwerp die humaniteitsideologie wat swartes bo blankes stel as "sieklieke sentimentaliteit" in die belang van die "bedorwe laere rasse"⁵³, en pleit die "Boerevolk" vry van Engelse beskuldigings wat hulle gedrag teen swartes betref. Dit moet onthou word dat Preller geskryf het in die voor-dekolonisasietydperk toe – soos oral ter wêreld – 'n blanke rassehoogmoed oorheers het en daar 'n ander kyk op inboorlinge was as vandag.

3.3 Nasionale bewussyn en historiese identiteit

Preller se historiese bewussyn het ook uitdrukking gevind in die identiteitsbegroting van die militêr-vernederde Boere, wat teen wil en dank in die Britse Ryk onderdak moes vind. Die "enigste redmiddel" het hy in hul taal, Afrikaans, 'n eie literatuur en eie geskiedenis gesien wat die grondslag van 'n "suiwere nasionaliteitsgevoel" kon vorm – 'n begrip wat hy dikwels gebruik het. Vir Preller mag die Afrikaners nie 'n "aanhangel" word van 'n vreemde kultuur nie en moet hulle hul eie identiteit behou. Vaderlandsliefde, nasionale bewussyn, volkstrou,

46. Vir aanhalings deur H.B. Thom kyk *Tydskrif vir Wetenskaps en Kuns* (nuwe reeks), 5/2, 1944, pp. 94-95 en H.B. Thom, *Die Geloftekerk* (Kaapstad, 1949), pp. 85 en 94.

47. Preller, *Andries Pretorius*, pp. 157 en 159. Kyk ook Preller se *Daglemier*, p. 179 en 181.

48. *Andries Pretorius*, p. 8.

49. Preller, *Daglemier*, p. 164.

50. Preller, *Andries Pretorius*, pp. 6, 7-8 en 9.

51. Preller, *Baanbrekers*, pp. 31-32 en *Sketse en Opstelle* (Pretoria, 1928), p. 7.

52. Preller, *Baanbrekers*, pp. 31-32.

53. *Ibid.*, p. 32.

geborgenheid en 'n gevoel van te behoort aan 'n aparte volksliggaam was vir hom deurslaggewend. Vir Preller het die reël gegeld: "Du bist nichts, dein Volk ist alles". Hy het egter die verkeerde term vir "volk" gebruik, naamlik "nasie" wat in sy tyd misplaas was, aangesien die Afrikaners geen eie staat meer gehad het nie.

Die geskiedenisbewussyn was die plek waarin identiteit gevorm moes word. Naas die "ek"-identiteit van persoonlike aard was daar die kollektiewe en historiese identiteit waarop Preller stelling ingeneem het. Dit was vir hom van belang in die naas- en saambestaan met konkurierende konflikgroepe. Die Afrikaanse identiteit was vir Preller onlosmaaklik verbonde aan die "eie" Afrikanergeskiedenis, wat hy uit die geheel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis afgekraal het. 'n Gemeenskaplike verlede was vir hom die grondslag van die toekoms van die Afrikaner "wat sy Afrika liefhet, wie se lotsbestemming dit is om hier te bly, hier sy nakroos te laat woon en wat sy nasionaliteit wil behou". Preller was oortuig dat "'n nasie sonder tradisionele instelling, . . . sonder geskiedenis en sonder 'n liggaam wat belas is met die sorg vir die voortbestaan van die nasionale bewussyn, nie 'n nasie is nie".

Vir Preller het alles om een saak gewentel, naamlik "die voortbestaan van Volk en Vaderland"⁵⁴. Sy idees kom ten beste uit in sy boek *Piet Retief*. In Retief sien Preller die stigter van 'n selfstandige "Afrikaans-Hollandse nasie". Hy het die weg gebaan waarlangs die Europese beskawing die "barbareidom" sou breek en die grondslag gelê vir die enigste inboorlingstaatkunde bestaanbaar met die lewensbelange van die "blanke ras". Hy het 'n "nuwe" wêreld in Suid-Afrika "ontdek" vergelykbaar met die VSA en dié se onafhanklikheidsverklaring. Retief het die gordyn van "Donker Afrika" afgetrek nog lank voor Livingstone. Hy was volgens Preller 'n vroeë "Afrikaner-patriot", besiel met die edelste liefde vir land en volk vir wie hy sy lewe gegee het, 'n "vaderlander" aan wie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis "net so 'n eervolle plek toekom as aan die grootste nasionale helde van ander nasies" – 'n man wat 'n plek verower het "in die geskiedenis van die wêreld" en invloed uitgeoefen het, nie net op "die ganse aardryk" nie maar ook op die hele "mensheid". Retief het 'n "nuwe nasie" in die wildernis gestig en was die eerste om die gebore Afrikaner se nasionaliteit onder woorde te bring. Sonder 'n Groot Trek sou daar volgens Preller waarskynlik geen Afrikanernasie gewees het nie. Retief was verantwoordelik vir 'n "eie" Afrikaneridentiteit: Hy het die helder omlynde bewussyn gehad van 'n "afsonderlike Afrikanernasie, van 'n aparte Volk met eie taal, godsdienis, sede, geskiedenis en tradisie". Hy het die "grote Volks-verband" ingesien "met één Bestemming"⁵⁵.

Dit is duidelik dat ons hier eerder met idealisme en inlegkunde uit Preller se eie tyd as met objektiewe uitlegkunde van die verlede te doen het. Hy was die skepper van 'n Groot Trekmitologie wat tot vandag toe nog bestaan.

4. 'n Afrikanergesentreerde geskiedbeeld: 'n Volk se selfverstaan

Omdat Preller se geskiedbeeld die uitvloeisel was van sy historiese bewussyn moet ondersoek gedoen word na sy voorstelling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Basies was dit 'n verset teen die Britse koloniaal-imperiale geskiedbeskouing wat Suid-Afrika as kolonie van buiteaf, as onderdeel van 'n wêreldryk voorgestel en die Afrikaners en swartes voorgedhou het as obstruksies in die weg van beskawing en vooruitgang. Die "verkleinerende anti-Afrikanerbeskouing dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie veel meer was as 'n "onbeduidende" reeks "kafferoorloggies" nie, het Preller met mening verwerp, en die aanhangers daarvan, "'n

54. P.J. du Plessis, a.w., pp. 122, 309 en 348.

55. Preller, *Historiese Opstelle*, pp. 40-57; *Piet Retief* (1911⁷), pp. 272, 276, 280-81.

vyand” van die Afrikaners genoem. Vir Preller was hulle die “hart”, die sentrale tema van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat deur sy revisionistiese, eerder opposisionele siening van die verlede tot die “hart” van die Afrikanerdom gespreek het. As radikale nasionalis wou hy die Britse geskiedbeeld van die wortel af hersien en ’n “eie” in die plek daarvan stel. Vandaar sy uitsprake oor ’n “onregs”- en “lydingsgeskiedenis” teen Britse onderdrukking, agtervolging, beoorloging en onderwerping. Preller het die klem van die onderdrukker na die onderdrukte en verowerdes verskuif – die Afrikaner-“underdog”.

Dit is duidelik dat Preller deur die Amerikaners se kyk op hul koloniale verlede via Bancroft, Motley, Presscot, Parkman⁵⁶ en moontlik Turner beïnvloed is. Dit raak ’n visie van binne-uit en nie van buiteaf nie. Soos die Amerikaanse 19de eeuse voorwetenskaplike historici sien hy sy land as ’n onderdeel van die “ou-wêreldse” geskiedenis, maar vir hom was dit ’n Afrikaneronderdeel, waarvoor liefde gekoester word – die “begin” van die “eie”. Teenoor die “ou wêreld” stel Preller die “nuwe wêreld”. Dié laat hy nie begin met Van Riebeeck nie, maar met die Groot Trek, wat die “wildernis” getem het. Soos ’n Washington in Amerika as vryheidsheld verheerlik is, word Piet Retief as vryheidsheld aangebied: hy was die “ontdekker” van die “nuwe wêreld” – die binneland, Natal, die Vrystaat en dele van Transvaal – die “volksplanter” wat ’n “Bestemmings”-besef gehad het, vergelykbaar met die Amerikaanse “Manifest Destiny”. Die “nuwe wêreld” was vir Preller ook ’n “nuwe begin” van onafhanklikheid vir die “beskawing en vooruitgang” en van snelle kolonisasie. Soos ’n Turner wat nie wou aanvaar dat die Amerikaanse demokrasie die gevolg was van ingevoerde Britse idees aan die ooskus nie, maar uit eie bodem op die bewegende grens ontstaan en ontwikkel het, só het Preller afwysend gestaan teen die Britse parlementêre en militêre tradisie en dit aan die inheemse Afrikaners gekoppel: hulle het die eerste demokraties-verkose Volksraad op eie bodem ontwerp soos ook ’n eie militêre tradisie.

Preller was ook gemoeid met die vraag aan wie Suid-Afrika behoort. Volgens Britse siening was die Boererepublieke op swart gebied gevestig, waaruit die inheemse mense verdring is. Hierop antwoord hy dat die “kinders van die keerkringe” immigrante soos die Blankes was, wat die Limpopo suidwaarts oorgesteek het sowat tien jaar nadat Dias om die Kaap gevaar het. Die reg van voorrang op die land besit die swartes “ewemin” as die blankes⁵⁷. Volgens Preller was die binneland “byna leeg” – die gevolg van die Zoeloe se uitdelgingsoorloë – toe die Voortrekkerpioniers dit binnegegaan het. Dit het hulle volkome vrygestaan om die “natuurvolk” (’n begrip wat hy aan Leo Frobenius ontleen het) soos “’n skadelike ongedierte uit te roei” en deur louter geweld hulle van die grondgebied meester te maak en die swartes te onderdruk soos die Amerikaners met die “Rooihuide” gehandel het. Maar dit het hulle nie gedoen nie, eerder ’n regsbegrip gevestig – segregasie, wat tot in sy tyd voortbestaan het.⁵⁸

Die Engelse figureer net so negatief in sy geskiedbeeld as die swartes. Eersgenoemde het as hebsugtige onderdrukkers opgetree wat, nadat die Afrikaners die pad vir die beskawing in die binneland oopgebreek het, hulle vervolg en om materiële redes militêr onderwerp het in die “Goud-oorlog”. Vir Preller was die “eerste vryheidsoorlog” teen die Engelse die 1842-1849-tydperk – Congella en Boomplaats – die “tweede vryheidsoorlog” die Tranvaalse onafhanklikheidsoorlog van 1880-1881, en die “derde Vryheidsoorlog”, dié van 1899-1902. Die “Rif-en Rand”-mense het vir Preller “buitekant die nasie” met sy “vryheidstryd” gestaan⁵⁹.

Anders as by Theal het Preller groot dele van die Suid-Afrikaanse geskiedenis ter syde ge-

56. Kyk Harvey Wish, *The American Historian* (New York, 1960), pp. 88-108 en 181; Michael Kraus, *The Writing of American History* (University of Oklahoma Press, 1960²), pp. 108-156.

57. Preller, *Daglemier in Suid-Afrika*, pp. 45 en 55.

58. Preller, *Historiese Opstelle*, p. 53.

59. Preller, *Ons Goud Roman* (Pietermaritzburg, 1935), p. 9.

stel en 'n Afrikanergesentreerde beeld aangebied asof dit die eintlike landsgeskiedenis verteenwoordig. Binne hierdie stukkies verlede het hy twee toekomsdragtige gebeurtenisse uitgesonder waaromheen hy, soos twee pole, die Suid-Afrikaanse geskiedenis laat wentel het: die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog. Hierdie strukturering van sy geskiedbeeld was grondslagliggend vir die selfverstaan van die 20ste eeuse Afrikaners. Tot vandag toe oorheers dit ons skoolgeskiedenis. Preller het 'n onderdeel van die geheel verabsoluteer, maar binne dié geheel ook die twee genoemde gebeurtenisse. Daaromheen het hy die verhoudinge van die drie basiese spelers op die historiese toneel georganiseer, en 'n positiewe Afrikanerselfbeeld teenoor twee vyandbeelde gestel: die "inboorlinge" en "die Engelse". Vir Preller het die Groot Trek 'n "hele jong nasie van helde" – dus 'n "heldegeslag" opgelewer, wat onder sowel swart as Brit gely het.

Die tydperk 1652-1836 is geïgnoreer. Preller kon "geen teken" vind dat die Kaaplandse Afrikaners wat met die Groot Trek agtergebly het, nie uiteindelik in die Engelse stroom sou verdwyn nie. As dit nie vir die Trek, die Eerste Vryheidsoorlog, die Jameson-inval en die Anglo-Boereoorlog was nie, sou hulle nooit 'n nasionaliteitsgevoel ontwikkel het wat tot "nasievorming" kon bydra nie. Deur sy geskiedbeeld het Preller in teëstelling met die Kaapse familiesnobisme 'n nuwe tipe Afrikaner-elite in die Noorde geskep: die afstammeling van die Voortrekkers en die Bittereinders. Waar die Groot Trek lig op die ontstaan van die Boerepublieke gewerp het, het die Anglo-Boereoorlog 'n konsentrasiekampskaduwee op die 20ste eeu laat val.

In Preller se geskiedbeeld staan die *vryheid* sentraal. In sy selfverstaan was Afrikanergeskiedenis enersyds 'n worsteling van baanbrekers teen inboorlinge om die land bewoonbaar te maak en andersyds 'n vryheidstryd teen Britse oorheersing.

5. Diensbare geskiedenis as lewensbehoefte: 'n vererende, bewarende en behoudende mentaliteit

Vir Preller het dit nie in sy geskiedskrywing om die wetenskap ter wille van die wetenskap gegaan nie, maar om geskiedenis in diens van die *lewe*. Omdat die nood van sy tyd sy bors beklem het en hy die las van die Britse oorheersing van hou wou afwerp, het hy die behoefte gevoel aan 'n kritiese, beregtende en veroordelende geskiedenis-aanbieding wat met die teenstander kon afreken. Teenoor die universele Engelse historiese voorstelling van die Suid-Afrikaanse verlede, het hy in Nietzscheaanse taal die vererende gestel, die "monumentale", die bevrydende, die mitiese fiksie: Piet Retief en Andries Pretorius was die twee super-Afrikaners vir wie hy in sy "biografieë" woordmonumente opgerig, en om hul nekke simbole van vryheid en nasievorming soos lourierkrans gehang het. In dié proses het die verlede self skade gely, want groot dele daarvan is buite rekening gelaat. Die draaiboek wat hy in 1916 vir die African Film Productions van Schlesinger geskryf het, het die vererende en monumentale van die Groot Trek belig en aanskoulik gemaak.

Hierbenewens het Preller 'n bewarende en behoudende mentaliteit geopenbaar. Daar is reeds na sy insameling van dokumente oor die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog verwys. Hy het sy koerant *De Volkstem* sedert 1903 en *Die Brandwag* van 1910 tot 1922 benut om deur oproepe historiese stukke byeen te bring wat, tesame met sy korrespondensie, vandag 300 bande in die Pretoriase Argiefbewaarplek beslaan. Vir Preller het dit nie net om die groot historiese figure gegaan nie, maar ook om die gewone mens – die alledaagse Afrikaner se historiese ervaring, die "intiem-menslike en hulle persoonlike verdriet en geluk", soos gewortel in hul lewenservaring, asook van dinge wat hy "gehoor" en "persoonlik" deurgemaak het. In sy *Voortrekkermense* wou hy die objekte van sy studie leer ken "soos hulle hulself gesien het, op die trek, in die laer, op die jag en in die huislike kring; aan hul arbeid, hul godsdiens en ver-

make, in hul gewoontes en in die kleredrag van hul tyd"⁶⁰. In hierdie uitbeelding van die gewone mens het Preller se welsae as populariseerder van die geskiedenis gelê.

Naas sy vererende uitbeelding van groot leiers het Preller die alledaagse Afrikaner in die geskiedenis aan sy lesers voorgestel – 'n tipe gewone-mens-geskiedenis van onderaf, 'n "volksgeskiedenis". Ek onthou dat Preller in een van sy boekresensies opgemerk het dat sy hand wat tik, liever "melaats" moet word as dat hy enigiets sou sê wat tot nadeel van sy volk kan strek, want die "lewe" het hom "geleer"⁶¹. Geen wonder dat Preller 'n volksfees soos Dingaansdag hoog aangeslaan het nie. Vir hom was dit van "nasionale" betekenis – 'n feesdag wat deur *alle* Afrikaners bygewoon moet word, en waaraan ook Engelstaliges behoort deel te neem. Dit mag nie net "godsdienstig" gevier word nie, maar 'n kultuurfees wees, waar sang, volkspele, voordrag en volkskuns beoefen word⁶². Met sy vererende, bewarende en behoudende mentaliteit het Preller sy gewildheid as volkshistorikus gevestig en wye aanhang verworf. Sy Groot Trekbeeld het inslag gevind, ook in die Kaapkolonie, en tesame met die stimulus wat van die Voortrekkereufeesviering van 1938 uitgegaan het, het dit tot 'n golf van mikroskopiese Groot Treknavorsing aanleiding gegee.

6. Preller se geskiedbeskouing: die hieroglyewe van God – mens en menigte, en skeptisisme teen historiese objektiwiteit

Preller se geskiedbeskouing kom sowel in sy praktiese geskiedskrywing as sy teoretiese besinning oor die verlede tot uitdrukking⁶³. Hierop het prof. J.J. Oberholster gewys toe hy die begrip romantiek aan Preller gekoppel het⁶⁴. Ook prof. J.S. du Plessis het sy geskiedbeskouing ontleed⁶⁵ – 'n tema wat in 1989 weer deur dr. P.J. du Plessis onder die aandag gebring is⁶⁶. Dit sal derhalwe nie nodig wees om lank hierby stil te staan nie. Oberholster het 'n vergelyking getref tussen Preller se werk en die romantiese historici se opvattinge van die belangrikheid van die histories-gewordene, die nasionale benadering tot die verlede, die werking van onpersoonlike kragte, die idee van 'n vryheidsdrang en 'n emosionele en sentimentele inslag in die voorstelling van die verbygegene, waarmee hy die kol getref het. Wat Oberholster onvermeld gelaat het, is Preller se opvatting van die "volksgees", die "volksiel" en die "ideë-leer" wat van Von Humboldt afkomstig is, maar wat hy met die woord "ideale" vertaal het. Hy het 'n wanopvatting van Ranke se beklemtoning van die "nasionale" in die geskiedenis gehad, want hy het die klem eerder op die "universele" laat val. Preller se idee van organiese "ontwikkeling" het hy van die Historisme geërf, maar hy kon dit moeilik versoen met Comte se meganistiese beginsel van "voortuitgang", hoewel hy met sy opvatting van historiese kollektiwiteit en die beginsel van wette saamgestem het, egter sonder dat hy 'n duidelike begrip gehad het van wat met "historiese wette" bedoel word. As outodidak het hy homself as historikus gevorm en soms die klok hoor lui sonder dat hy geweet het waar die klepel hang – vandaar sy spekulاسie oor die "kringloop"- en historiese "herhalings"-gedagte wat van Nietzsche en Spengler afkomstig is.

Van belang is dat Preller godsdienste en geskiedenis met mekaar probeer versoen het. Hy skryf dat as 'n mens "die gesamentlike wilsuiving van die massa Voorsienigheid noem, of God's

60. Preller, "Inleiding", *Voortrekkermense I* (Kaapstad, 1920²), p. 1.

61. "Die Lewe het my geleer", *Die Huisgenoot*, 18.9.1941.

62. P.J. du Plessis, a.w., pp. 226-27.

63. Preller, *Historiese Opstelle*, pp. 9-16.

64. "Die neerslag van die Romantiek op ons geskiedskrywing – Gustav S. Preller", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Des. 1966, pp. 313-321.

65. "Gustav Schoeman Preller – sy Geskiedbeskouing", *Historia* 1/2, Okt. 1956, pp. 156-166.

66. *Die Lewe en Werk van Gustav Preller*, verskillende bladsye.

wil, dan is dit die leer van die Bybel. En dan is dit die stem van die Volk . . . Koningstem of Godstem⁶⁷. Dit kom daarop neer dat, soos Ranke dit gestel het, die geskiedkundige die “hieroglyewe van God” moet uitlê, wat in Preller se geval beteken het dat hy die Groot Trekgebeurtenisse verteologiseer en die Afrikaner se geskiedenis as ’n soort heilsgeskiedenis voorgehou het. Onbewustelik, volgens Preller, dien die mense en hul leiers ’n “goddelike doel” – al is dit as “werktuie van die Voorsienigheid” onbegrepe⁶⁸. Retief, byvoorbeeld, word deur Preller gesien as ’n geseënde middel in die hand van die “hoëre Voorsienigheid”⁶⁹. Dit hou verband met Hegel se “wêreldgees” en Schopenhauer se onbewuste wil van die menigte. Preller het soos Schiller in sy “Die Weltgeschichte is das Weltgericht” geglo en aanvaar dat die “historiese geregtigheid” uiteindelik oor die onreg wat die Engelse die Afrikaners aangedoen het, sou seëvier.

Preller het probleme gehad met die verhouding tussen die volksleier en die volksmenigte. Omdat hy die gewone mens wou bereik, kon hy nie net die historiese belangrikheid van die leier aanskou nie. Leiers soos Retief en Pretorius aan wie hy biografieë gewy het, het sins insiens slegs uitdrukking gegee aan wat in die onbewuste volkswil omgegaan het; derhalwe is die rol van die groot manne in die geskiedenis slegs “geskikte opskrifte” vir historiese hoofstukke. Anders as Carlyle se idee van helde, heldeverering en die heroïese in die geskiedenis het Preller die klem na die volksmenigte verskuif waarmee hy tekenne gegee het dat *elke* Voortrekker ’n held was. Die Groot Trek-Afrikaners was ’n “heldegeslag” en het ’n “konstellasie van helde” opgelewer. Preller se belesenheid in Tolstoi het hom laat besluit dat nie die held nie, maar die gesamentlike intuïsie van die hele nasie – die wil van die massa – die rigting aangee waarin die groot gebeurtenisse mekaar opvolg⁷⁰. Die “onbewuste wil” van die menigte het dus die geskiedenis van die Voortrek gemaak, waarvan Retief slegs die “tolk” was. Aan “toeval” het Preller nie geglo nie, hoewel hy daarvan bewus was dat klein gebeurtenisse soms groot gevolge kon hê. Dit illustreer hy aan die hand van ’n malariamuskiet wat H.T. Bührman van die Derdepoort-vergadering in 1849 weggehou het, as gevolg waarvan daar eenheid in Transvaal gekom het⁷¹.

Soos die historici van die Verligting was Preller pragmatikus. Hy het in lering uit die geskiedenis geglo. Dit moet “lesse” aan die hede voorhou. As die geskiedenis homself herhaal, kan toekomstige “foute” mos vermy word. Hier het hy Afrikanervolkseenheid, skeuring en verdeeldheid, maar veral hereniging in gedagte gehad. Maar, en hieruit blyk sy pessimisme, die mens is onmagtig om uit die voorbeeld van vroeër te leer en hy begaan keer op keer dieselfde soort foute⁷². Dit skryf hy toe aan die feit dat die geskiedenis moontlik “nog te weinig die karakter van ’n wetenskap” het en grotendeels nog “’n subjektiewe” wetenskap is⁷³. Hoe het Preller, die partydige geskiedskrywer, teenoor die historikus se ideaal van objektiwiteit gestaan? Soos ’n Treitschke het hy geglo dat die historikus nie bloedloos “neutraal” teenoor sy objek van studie kan staan nie, veral nie as “sy land en lewe” bedreig word nie. Hy het met minagting teenoor die Engelse eis van historiese objektiwiteit gestaan en dit as “doktrinêre wysneusigheid” afgemaak. Die skrywer kan, soos Nietzsche gesê het, nie “los staan” van sy objek, wat hy van alle kante moet bekijk, voordat hy oordeel nie. In dié eis het Preller

67. Preller, *Historiese Opstelle*, p. 16.

68. Preller, *Piet Retief* (1911⁷), p. 273.

69. Preller, *Historiese Opstelle*, p. 40.

70. Preller, *Andries Pretorius* (1940²), p. 2.

71. *Ibid.*, p. 403.

72. “Die onmag van die voorbeeld”, *Die Huisgenoot*, 18.9.1941, p. 7; *Die Grobler-moord* (Pretoria, 1930), p. 3.

73. Preller, *Historiese Opstelle*, p. 10; *Piet Retief* (1911⁷), p. 259.

Engelse “subjektiwiteit” gevrees, naamlik om “alles wat die Afrikaanssprekende Afrikaner aangaan, te verkleineer en te beswadder met ’n eeue-oue . . . vooroordeel”.

Volkome objektiwiteit – en daarmee sal die meeste wetenskaplike historici met hom saamstem – is ’n onbereikbare ideaal, soos Ranke reeds voor hom gesê het. Geen jong nasie, so sê Preller, gaan sy geskiedenis sonder om selfmoord te pleeg voorstel “soos ander” dit wil hê nie. Diégene wat op objektiwiteit aandring, wil slegs die Engelse geskiedenisvisie in die kele van die Afrikaners afdruk. Preller was oortuig dat die Afrikanerhistorikus wat die geskiedenis van sy land en volk “objektief” wil betrag, slegs bewys dat hy geen Afrikaner is of enigsins Afrikaans voel nie, en maar net die Engelse element wil behaag. Iemand wat die “nasionali-teit” van die mense waaruit hy voortgekom het, gering ag, is in Preller se oë niks anders nie as ’n “renegaat” of wandluis⁷⁴. Wat van Treitschke gesê is dat “die patriot in hom duisendmaal sterker is as die professor” kan ook van Preller as joernalis, politikus en historikus gesê word. Uit hierdie opvattinge blyk sy betrokkenheid by en partydigheid vir die objek van sy studie, wat myle ver verwyder was van Ranke se objektiwiteitstrewe. Daardeur het Preller sy verantwoordelikheid teenoor die verlede prysgegee. Ons bestudeer die verlede nie net om ’n lewensbehoefte nie, maar ook terwille van homself, naamlik om ’n waarheidsbehoefte. Daarin wortel Preller se gebreke en swakhede as selfgevormde historikus.

7. Die plek en betekenis van Preller as geskiedskrywer

’n Mens moet nie soos dit die mode is, Preller bloot as rassis, ideoloog en mitoloog, wat ’n wegbereider van Apartheid was, beoordeel nie soos dit tans die geval is met Theal. Hy sowel as Theal, Cory en die Amerikaanse “koloniale” historici, moet as kinders van hul tyd verstaan word. Dit geld ook Ranke wat, hoewel hy in 1886 dood is, deur A.J.P. Taylor⁷⁵ medeverantwoordelik gehou word vir die ontstaan van die Duitse Nazisme. Preller se historiese voorstelling het die patroon gevolg van die ou koloniale geskiedenisopvatting wat stelling ingeneem het agter die blanke se beweging in vreemde kontinente, waar hulle ’n pionierstaak in die aangesig van inheemse weerstande te verrig gehad het. Vandag staan sake anders. In die plek van die Boere-verdrunkte het die inheemse swart mense gekom – die gekoloniseerdes wie se kant deur die dekolonisasiehistorici teen die blanke “setlaars” gekies word.

Preller se *Piet Retief* van 1911 is in 1912 ontvang as geskrewe vir en oor die Afrikaners deur ’n mede-Afrikaner, wat ’n “lewenskragtige nasionale bestaan” wou bevorder – ’n boek wat sy weg tot die “hart” van die “volk” gevind het⁷⁶. In 1931 het W. van Heerden geoordeel dat Preller “saam met Theal en Cory” een van Suid-Afrika se “groot geskiedkundiges” is – ’n man wat waardevolle en onmisbare bronne oor die volksverlede versamel het op ’n wyse soos dit mis-kien nooit weer na hom gedoen sal kan word nie⁷⁷. In 1936 lees ons dat Preller naas Theal en Cory “ongetwyfeld ons vernaamste geskiedskrywer” is⁷⁸, en in 1939 word hy “die grootste van ons geskiedkundige navorsers” en “Suid-Afrika se grootste historikus” genoem⁷⁹. In 1943, ná sy dood, noem Harm Oost Preller die “vertolker van die volkswil”, maar erken dat sy werk moontlik gely het onder sy “strydvaardigheid” in die voorkoming van volksøndergang ná die 1902-nederlaag⁸⁰. H.B. Thom het in 1943 Preller vereer as “ons beste kenner van die Groot

74. Preller, *Voortrekkers van Suidwes* (Kaapstad, 1941), pp. 6-8.

75. A.J.P. Taylor, *Europe, Grandeur and Decline* (Penguin Books, 1967), pp. 13-120.

76. M. Malherbe, *Die Brandwag*, 15.2.1912.

77. *Die Huisgenoot*, 29.5.1931, p. 47.

78. *Die Huisgenoot*, 6.3.1936.

79. *Die Brandwag*, 26.5.1939, p. 11.

80. *Die Huisgenoot*, 22.10.1943, p. 5.

Trek-geskiedenis” en een van ons “vernaamste navorsers”⁸¹. In 1944 is voorspel dat Preller se gees nog baie jare lank in die herinnering van sy volk sal voortleef⁸². Ook is daar aangeneem dat alle latere Afrikaanse skrywers op Preller se grondgedagtes sal kan voortbou, en dat wat gewildheid betref, min na aan sy ou skoene kom.

In ’n huldigingswoord ná Preller se dood in 1943 het prof. H.B. Thom sy *Piet Retief* as die “bekendste geskiedkundige werk in Afrikaans” gehuldig en geoordeel: “Hy kom die eer toe, dat hy meer as enigiemand anders belangstelling by ons volk in ons eie verlede opgewek het en tot navorsing van ons verlede, insonderheid van die Groot Trek, aangespoor het”. Thom het Preller se bronnepublikasies “belangriker” as sy historiese werke geag⁸³. Prof. J.S. du Plessis, wat ’n Magisterverhandeling oor Preller as historikus van die Groot Trek in 1945 geskryf het, het daarin beweer dat soos Theal “die geskiedskrywer van Suid-Afrika” genoem is, Preller as “die geskiedskrywer van die Afrikaner” figureer – trouens hy was “die eerste Afrikanerhistorikus”. Naas Theal en Cory het hy hom “ongetwyfeld ons vernaamste” en mees produktiewe geskiedskrywer genoem⁸⁴. Prof. D.W. Krüger het Preller in 1944 hoog aangeslaan en hom met die term ’n “nasionale historikus” vereer. Hy het die Groot Trek in die regte perspektief gestel. As wetenskaplike navorsers, aldus Krüger, staan Preller “hoog aangeskryf” met werk op “’n baie hoër peil” as dié van Theal. Hy was oortuig dat as kunstenaar en wetenskaplike Preller in die Suid-Afrikaanse historiografie altyd ’n “ereplek” sal bekleef⁸⁵.

Dr. G.D. Scholtz het in 1946 geoordeel dat Preller saam met Leyds die bron was wat meestal oor die verlede van die Afrikanervolk aangehaal is: “Dit is vandag onmoontlik om aan die Afrikaanse geskiedskrywing te dink sonder om ook aan Preller te dink”. Onder sy werke, sê Scholtz, is daar van “die vernaamste en beste” wat tot 1946 in Afrikaans verskyn het. Preller het besef dat daar geen beter manier was om nasionale gevoel op te wek nie as om die Afrikaners op hul verlede te wys. Scholtz het beweer dat met Preller “’n nuwe stadium” van die Afrikaanse geskiedskrywing begin het, want hy was die eerste Afrikaner wat na die bron gegaan het. Die feit dat Preller sy bronne in sy geskiedskrywing vermeld het, sal hom altyd as “die groot voorloper” van die Afrikaanse geskiedskrywing kenmerk. Syns insiens het Preller so objektief teenoor die verlede gestaan as wat dit vir hom as Afrikaner gegee is om te doen. Hy het derhalwe die verlede deur die oë van ’n Afrikaner betrag en sy lewens- en wêreldbeskouing daarin tot uitdrukking gebring. Vir Scholtz was die geskiedskrywing van Afrikanerkant “’n produk van die Afrikaanse nasionale bewussyn”⁸⁶.

’n Jonger geslag historici wat in die buiteland opgelei is en die tradisionele dampkring ontsnap het, het in die lig van die vordering van die geskiedwetenskap in Afrikaans met ander oë na Preller begin kyk. Hier kan verwys word na my oordeel oor Preller as historikus in 1961⁸⁷, waarin sy noukeurigheid as historikus in twyfel getrek en sy waarde in terme van sy tydgenootlike omstandighede bepaal is. Prof. B.J. Liebenberg het Preller in 1975 aan “slordige vakmanskap” en “geen betroubare beeld van die verlede nie” skuldig bevind en in teëstelling met vorige uitsprake, verklaar dat Preller nie tot die “klas” van Theal en Cory as historici gereken kan word nie en dus nie onder die grootste geskiedskrywers van Suid-Afrika ressorteer

81. *Die Stellenbosche Oudstudent*, XII/1, April 1943, p. 11.

82. *Die Brandwag*, 17.3.1944.

83. “Huldigingswoord”, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, V/2, 29.7.1944, p. 93-95.

84. Kyk J.S. du Plessis, “Dr Gustav Preller as historikus van die Groot Trek” in B.J. Liebenberg, *Opstelle oor die SA Historiografie* (Unisa, 1975), pp. 60-63.

85. D.W. Krüger, “G.S. Preller as geskiedskrywer” in Liebenberg, a.w., pp. 55-59.

86. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, VI/3, Nov. 1946, pp. 30-40.

87. R. Stead, “Gustav Preller”, *Lantern*, Des. 1961, pp. 16-17 en F.A. van Jaarsveld, *Lewende Verlede*, pp. 86-88, 90-93 en *Geskiedkundige Verkenninge* (Pretoria, 1974), pp. 63-64.

nie⁸⁸. In 1989 het dr. P.J. du Plessis hierdie nuwere oordele onderskraag en bevind dat Preller nie die toets vir wetenskaplike geskiedskrywing slaag nie. Hy skrywe tereg dat Preller “staan as advokaat in die hof van die geskiedenis waar hy die integriteit, moraliteit, bestaansreg en *bona fides* van die Afrikanervolk teen die Engelse wêreld verdedig⁸⁹.”

Preller het in sy laaste jare in die ban van pessimisme geraak soos blyk uit sy koerantartikels van 1936 in *Die Vaderland* onder die titel “Die vyand in ons poorte”, waarin allerlei bedreigings en gevare aan die Afrikaners van sy tyd voorgehou is. Die Nasionaal-sosialisme met idees van rassuiwerheid en ’n “ontaarde” Westerse demokrasie en partystelsel het invloed op Preller uitgeoefen. Dit het hom laat teruggryp na die “partylose” Afrikanervolkstaatgedagte van Kruger se republiek waarin hy ’n redmiddel gesien het. Soos die Duitsers het hy die “Engels-Joodse demokrasie” weens “uitbuiting” van die armlankes as “dekadent” beskryf⁹⁰. Preller het hom ontuis begin voel in die “materialistiese wêreld” van sy tyd – die geldsugtige industriële stadsamelewing, wat in skerpe kontras gestaan het met sy “ideële wêreld van gister”. Omdat Preller met sy sterk historiese bewussyn so diep in die tradisie geleef het, het hy deur sy navorsing en skryfwerk ontvlugting en troos in vervloë tye gevind wat hom onwettend ewewig laat verloor en wêreldvreemd gemaak het.

Deur die ontwikkelinge ná sy dood en in die lig van die resultate van wetenskaplike navorsing het Preller se geskiedenisboeke afgegly na die vlak van tydsdokumente waaruit studente sy gees, tyd en omstandighede kan leer ken. Met die groot omslag in die tradisionele geskied-beskouing van die koloniaal-imperiale tydperk wat die blanke kolonis sentraal gestel het, het die klem vandag verskuif na die inheemse swartmens, die gekoloniseerde, aan wie ’n nuwe plek op die wêreld- en Suid-Afrikaanse historiese toneel toegeken is. ’n Mens sou in die waardebepaling van Preller as historikus, sy Boere-verdrukte van vroeër kan vervang met die huidige swart verdrukte, wat met sy radikale eis vir ’n “people’s history”, nie onsimpatiek teenoor Preller se “volksgeskiedenis” van gister kan staan nie.

88. B.J. Liebenberg, “Gustav Preller as historikus”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15/4, Desember 1975, pp. 243-249.

89. P.J. du Plessis, a.w., p. 413.

90. *Ibid.*, a.w., pp. 470-472.